AFRIKAANS
# flink

Mei 2019



# Dianne Broodryk
## Drie generasies van vrouwees

kreatief saamgestel deur die fak



AFRIKAANS

# flink

## inhoud


4 Warm woorde WAT woeker

5 Magdie de Kock

6 Die storie van Afrikaans

8 Op ons voorblad: Dianne Broodryk

11 Bryce gaan betaal!

12 Steve Hofmeyr word vereer

13 Die ou landsvlag-hofsaak

14 Vroue in die media

16 Wanneer is instru-mentale musiek nie Boeremusiek nie

18 FAK 90 Jaar: Kongresse

21 Die siener van die suburbs

22 Prof. Anne-Marie Beukes

23 Rolprentgeskiedenis

23 Boekeresensie: Bloedlelie

25 CD-resensies: Someraarde & Ligsoom

26 Musiek soos Grond in aksie

27 Resep: Port- en roomtert

Kultuurkalender


# op ons voorblad

Vir Dianne Broodryk is tyd saam met haar ma, dogter en gesin baie belangrik



## Redakteursbrief

In hierdie uitgawe vier ons vrouwees in al haar glories. Ons herdenk die ma's en ook diegene wat vir ander ma's is.

Vroue is en was nog altyd die kern en spil van die gemeenskap. Dis die vroue en ma's wat vertroos, vertroetel en lief het. Ek hoop elke ma het 'n heerlike Moedersdag gehad.

Wie is dan nou beter as die "moeder" van radio op ons voorblad? Ek het vir Dianne Broodryk aan die stuur van Jacaranda FM se Good Morning Angels saam met haar ma, Patsy van der Westhuizen en haar dogter, Robyn, gaan ontmoet. Wat 'n heerlike ervaring was dit nie?

Gaan lees oor haar liefde vir haar ma en dogter en ook hoe kinders haar veral na aan die hart lê.

Tanya de Vente-Bijker gaan gesels verder met vrouejoernaliste van vandag. Danksy voorlopers soos M.E.R. en Rykie van Reenen, asook meer onlangs soos Esmaré Weideman en Johanna van Eeden, het vroue uiteindelik hulle regmatige plek in die nuuskantoor ingeneem.



Ek klop aan by prof. Anne-Marie Beukes, wat in Junie as uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Akademie van Kuns en Wetenskap begin en by Magdie de Kock van die Vrystaat wat pas as die wêreldpresident van die Wêreldbond van Plattelandse Vroue aangewys is.

Ons is ook trots Afrikaans in Mei se Flink, waar prof. Wannie Carstens ons meer vertel oor waar die tweedelige boeke, *Die Storie van Afrikaans*, vandaan kom en Deel XV van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT), wat die S-woorde van "skool" tot "Sri Lankaans" bevat, bekendgestel word.

Mag julle lekker aan die uitgawe lees.

*Seugnet van Zyl*


**flink 'n e-pos**

| | |
|---|---|
| Inhoud | seugnet@fak.org.za |
| Advertensies | johan@fak.org.za |



fak

*tuiste. trots. toekoms.*

Die FAK is 'n toekomsgerigte kultuurorganisasie wat 'n tuiste vir die Afrikaanse taal en kultuur bied en ons trotse Afrikanergeskiedenis positief bevorder.

**Kontak ons: 012 301 1777 | fak@fak.org.za | www.fak.org.za**


Bnova Design cc



# Warm woorde WAT woeker

Die personeel van die WAT is van voor: Alet Cloete, dr. Hanelle Fourie Blair, Dané Claassen, dr. Gerda Odendaal en dr. Willem Botha. Agter is Gerhard van Wyk, Fred Pheiffer, Esmaré van der Merwe, André du Plessis, Charléne de Kock en dr. Frikkie Lombard.

Afrikaans het haar sprekers en liefhebbers die afgelope maand heelwat gegee om oor te glimlag en op trots te wees. Eers het die reiswebblad Big 7 Travel se lesers Afrikaans as die tweede seksieste aksent ter wêreld aangewys. Daar het jy dit nou: Ons taal trippel nie net trots oor die tong nie, maar vloei ook oor die ore soos 'n verleidelike liefdesvers en streel soos 'n behaaglike warm borrelbad oor die hart!

'n Paar dae later is bekend gemaak dat Afrikaans nou behoorlik deel van die Nederlandse Etimologiebank is, met 15 000 Afrikaanse woorde wat tot dié aanlyn hulpbron toegevoeg is. “Soos dit hoort,” sê Sophia Kapp van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (ViVA).

Hoewel dié internasionale prestasies inderdaad prysenswaardig is, verdien 'n mylpaal wat op eie bodem behaal is nog meer applous. Deel XV van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT), wat die S-woorde van “skool” tot “Sri Lankaans” bevat, is op 17 April bekendgestel. Dié deel bevat ook 'n Addendum met nuwe woorde van A tot S.

As dit by woordeboeke kom, doem daar by te veel mense nog beelde op van swaar hardebandboeke wat in onheilspellende donker hoekies van eensame biblioteke stof vergaar. Maar kontemporêre woordeboeke staan uit dié muwwe hoekie uit op en trek 'n moderne (selfs seksie) baadjie aan wat vir almal aantreklik en toeganklik is. Moderne woordeboeke word saamgestel op grond van werklike taalgebruik deur sy sprekers: mondeling en skriftelik.

Vra jy byvoorbeeld die WAT se mening oor die woord *seksie*, antwoord hy jou dat dit geselstaal is, minder gebruiklik. Inderdaad – Afrikaans se seksie lê immers in sy gesels. Omvattende woordeboeke soos die WAT word as deskriptief, eerder as preskriptief, beskryf. Dit beteken dat dié woordeboek alles in Afrikaans opneem wat gevestig is, soos die woord seksie. “Verkeerde” Afrikaans soos *huidiglik* word dus ook opgeneem, maar gemerk as *(minder korrek)*. Ook 'n woord soos *aftjop* word opgeneem, maar word as *(geselstaal)* gemerk.

Dr. Willem Botha, hoofredakteur en uitvoerende direkteur van die WAT, verduidelik dat die verskyning van 'n WAT-deel 'n besondere geleentheid is omdat dit beteken dat nog 'n deel van die Afrikaanse woordeskat so omvattend as moontlik in 'n woordeboek vasgevang is.

Nou ja, nadat daar vir die afgelope vyf jaar noukeurig nagevors, breedvoerig beraadslaag en oordeelkundig oorweeg is, is nege duisend woorde en uitdrukkings in WAT XV opgeneem.

Hoe verdien 'n woord dan sy plekkie in die WAT-son? Botha verduidelik dat daar volgens die opnamebeleid vyf gebruiksvoorbeelde van 'n woord in vyf verskillende bronne moet wees voordat opname oorweeg kan word. Voorbeelde uit die gesproke taal tel ook as bronne. 'n Woord moet verder vir 'n redelike tydperk reeds gebruik word, gewoonlik meer as vyf jaar.

Botha sê Opperman se “die engel uit die klip” beskryf die woordeboekmaakproses baie goed: uit die magdom materiaal moet daar eensindefinisies vir fassinerende woorde geformuleer word. Elke keer wanneer 'n woordeboekdeel verskyn, is daardie proses weer voltrek. Die redaksie werk tans hard aan deel XVI, wat in 2020 moet verskyn en wat die laaste S-deel en ook die laaste gedrukte deel van die WAT sal wees. Vanaf die letter T sal die WAT slegs aanlyn gepubliseer word.

Afrikaans se hart klop nog warm. Woordeboeke soos die WAT maak seker dat ons warm woorde geboekstaaf word en daarin lê onskatbare waarde. Die WAT is trouens die enigste Afrikaanse woordeboek wat die Afrikaanse woordeskat in sy wydste omvang probeer vasvang. Afrikaans in ál sy verskyningsvorme vind neerslag in die WAT: dit is 'n tuiste vir die Afrikaans van al die sprekers van die taal – van die Kaapse Vlakte tot in die noordelike uithoeke van Suid-Afrika. Daarvoor verdien die WAT 'n klop op die skouer en sommer 'n Bell's ook. f

**Petronel Fourie**

# Magdie de Kock

## 'n Vrystaatse vrou staan nou aan die hoof van 'n wêreldwye organisasie

Magdie de Kock, wat bevoorreg genoeg is om as tuisteskepper vir vier dae in die week in Heidelberg, Gauteng aan die hange van die Suikerbosrand te woon en die res van die tyd op hulle beesplaas in die Vrystaat, is onlangs verkies tot die wêreldpresident van die Associated Country Women of die Wêreldbond van Plattelandse Vroue (ACWW) soos dit op eie bodem bekendstaan.



51 organisasies in Suid-Afrika is by hierdie wêreldorganisasie geaffilieer. Organisasies uit 87 verskillende lande oor die wêreld behoort aan die ACWW en lidmaatskap staan tans op sowat 10 miljoen lede wêreldwyd. Die doelstelling en visie van die organisasie behels die opheffing van vroue en kinders. Dit vind plaas deur projekte wat deur donasies deur lede en ander weldoeners aan die organisasie gefinansier word. Die hoofkantoor van die ACWW is in Londen gesetel en is geregistreer onder die Charity Laws of UK and Wales.

Die organisasie vier vanjaar hul 90ste bestaansjaar en dit is die eerste keer dat iemand uit Afrika, en spesifiek uit Suid-Afrika, hierdie gesogte posisie van wêreldpresident beklee.

“Dis 'n onbeskryflike voorreg om as 'n Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner hierdie geleentheid te kry om as wêreldpresident die leiding te neem. Dis 'n unieke geleentheid om ook as Christen Sy lig uit te dra oor die wêreld. Ek is diep onder die indruk dat ek in my eie krag tot niks in staat is nie en is dankbaar dat ek in die Bybel die versekering ontvang dat ek tot alles in staat is deur Christus wat my krag gee,” sê Magdie.

Sy is alreeds vir 40 jaar betrokke by vrywillige werk en deur haar lidmaatskap aan die Vrouelandbou-unie en Die Dameskring word sy toegang tot die ACWW gebied.

“My ervaring in leierskapsposisies van hierdie organisasies, het my belangstelling in die invloedryke werk van die ACWW geprikkel. Nege jaar gelede is ek verkies om as lid op een van die komitees te dien. Drie jaar later is ek tot voorsitter van die bemarkings- en kommunikasiekomitee verkies en drie jaar later is my termyn as voorsitter verleng. Toe ek in 2018 genomineer is vir die posisie waarin ek onlangs verkies is, het ek die geleentheid verwelkom om my betrokkenheid by hierdie invloedryke organisasie voort te sit. Nog nooit in my lewe wil ek buite die Wil van die Here wees nie, en het daarom tot Hom gebid en gevra dat Hy my sal lei. Ek dank Hom vir hierdie unieke geleentheid om as Sy ligdraer op te tree.”

Magdie sê sy sal groot sorg dra dat die posisie wat sy nou beklee, nie haar lewe oorneem nie, want haar eerste prioriteite is steeds haar man en gesin.

“Gesinswaardes en -tradisies is vir my baie belangrik want dit anker my. Hierdie posisie gaan egter meebring dat ek baie meer gaan reis as wat tans die geval is om die hoofkantoor te besoek en die organisasie te verteenwoordig, want die amp bring ook mee dat ek die amptelike segspersoon van die organisasie is. Ek is ook verantwoordelik om met die hulp van 'n uitvoerende hoof en agt voltydse personeellede die hoofkantoor in Londen te bestuur en gereeld vergaderings van die Verenigde Nasies in onder meer New York by te woon. Die organisasie funksioneer binne nege gebiede oor die wêreld waar ek ook gereeld gebiedskonferensies sal moet bywoon.”

Die invloed en waarde van die ryke geskiedenis van ACWW, wat oor 90 jaar strek, sal vir haar oor die volgende drie jaar as wêreldpresident as bron van inspirasie dien. Sy hoop ook dat die oorspronklike doelstellings van die organisasie uitgebou sal word om aan te pas by 'n snelveranderende wêreld sonder om die oorspronklike visie, om vroue en kinders op te hef, in te boet.

“Dit is tans die grootste vroue-organisasie in die wêreld en die toegang tot die Verenigde Nasies bied aan die ACWW 'n unieke geleentheid om betrokke te wees en te bly by beleidvorming oor die lewensomstandighede van vroue en kinders oor die wêreld en in die besonder, die plattelandse vroue en kinders op voetsoolvlak.”

**Seugnet van Zyl**

# *Die storie van* **Afrikaans**

## *– die 'storie' agter die storie*



Foto: Hannes Kruger

Word 'n FAK-VRIEND klik hier

Die tweedelige boek *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal* (Deel 1: Die Europese geskiedenis van Afrikaans (2017); deel 2: Die Afrikageskiedenis van Afrikaans (2019)) (uitgegee deur Protea Boekhuis) is die resultaat van ses jaar se harde en moeisame werk, nasionaal en internasionaal.

Die titel dui reeds aan dat meer as die gewone aan bod kom. Daar word uitgegaan van die standpunt dat Afrikaans se taalkundige basis (die 'penwortel' aldus prof. Edith Raidt) gekoppel is aan 'n 17de-eeuse Hollandse dialek (dus *uit* Europa) wat oor die loop van meer as 200 jaar onder eiesoortige historiese omstandighede op die bodem van Afrika 'n volwaardige taal kom word het (dus van Afrika). Op die Afrikabodem het die invloed van bewoners uit Afrika, in die besonder die Khoi en San, asook van die Bantoetale (let wel dit is 'n taalkundige term vir hierdie groep tale), en van onwillige immigrante uit die Ooste (die slawe), asook verskeie verdere immigrante uit Europa, die Europese Hollandse taalvorm sodanig beïnvloed dat dit met verloop van tyd 'n nuwe taal kom word het (Kaaps-Hollands, Afrikaans-Hollands, Afrikaans sedert 1875) – die resultaat van taalveranderingsprosesse wat die gevolg was van taalkontak en taalversteuring oor baie jare.

En hierdie nuwe taal is uiteindelik formeel in 1925 erken waarna dit deur 'n lang standaardiseringsproses gegaan het en oor jare al die funksies van 'n standaardtaal aangeneem het. Dit is dus in die woorde van prof. Jaap Steyn 'n weergawe van 'Afrikaans se val en opstaan', maar ook van die sigbare 'vratte' wat die prentjie van Afrikaans so besoedel het.

Om vanuit 'n akademiese hoek na die geskiedenis van Afrikaans te kyk, is nie 'n eenvoudige saak nie. Dit neem tyd, heelwat tyd. Dit verg naamlik intense besinning oor alle aspekte rakende die verlede van die taal, oor hoe die weergawe oor die verlede in publikasies weerspieël is, en oor waar ons nou is rakende Afrikaans se storie. En dan die identifiseer van gapings in die verslaggewing aan die hand hiervan. Want om 'n storie te vertel van Afrikaans se ontwikkeling, groei, vestiging en uitbreiding van Afrikaans verg dat 'n mens moet besin oor drie belangrike sake: die verlede (waar kom ons vandaan), die hede (waar is ons nou) en ook die toekoms (waarheen is ons op pad). Dit is nie 'n maklike taak nie, juis in die lig van Afrikaans se veelvoudige en komplekse verlede.

Die boek is die resultaat van twee taalkundiges se gesamentlike poging om hulle sienings en kennis oor Afrikaans in een omvattende publikasie byeen te bring. Die vertrekpunt is die standaardwerk *Afrikaans en sy Europese verlede* van prof. Edith Raidt (laaste uitgawe 1991) en dit is grondig bygewerk en verwerk deur prof. Wannie Carstens na aanleiding van sy eie publikasies, en verdere navorsing oor die onderwerp. Deel 1 is in een van die resensies beskryf as 'n "grondverskuiwende bydrae tot die Afrikaanse taalkunde" en dit kom derhalwe voor of die plan met die boek(e) gerealiseer het.


Die aanvanklike doel met die boek (beplan as een boek, maar wat uiteindelik gerealiseer het in twee boekdele, wat elkeen 'n boek in eie reg is) was om 'n *bygewerkte, omvattende* en *inklusiewe* weergawe van Afrikaans se historiese verloop te gee. Met 'bygewerk', word bedoel die verreken van alle toepaslike publikasies oor Afrikaans, in die besonder die meer onlangse bronne en die invloed daarvan op besinnings oor Afrikaans. 'Omvattend' behels die betrek van alle tersaaklike gebeure – van die begin tot op hede – wat oordele oor Afrikaans raak ten einde groter insig in die totale prentjie oor Afrikaans te kry.

'Inklusief' hou in dat die bydrae van die totale sprekersgemeenskap van Afrikaans verreken word, en nie net soos in soveel ander publikasies waarin oorwegend die gebeure wat die wit gemeenskap raak, ter sprake kom nie. Want ons moet eerlik wees: ons verlede is so dikwels eensydig wit aangebied en ons durf nie hiermee volhou nie. Dit is natuurlik om hierdie rede dat die beplande één boek toe twéé geword het, in totaal ongeveer 1 800 bladsye, met 'n verdere meer as 750 bladsye aanvullende inligting op die webblad www.storievanafrikaans.co.za

Dit is die eerste sodanige bron wat oor Afrikaans geskryf is. Ons wou hiermee help om die volle verhaal (oftewel 'storie') van Afrikaans te vertel en dit dan toe te lig met konkrete voorbeelde van Afrikaanse publikasies. Ons het besef dat daar reeds soveel oor 'n groot verskeidenheid temas in Afrikaans geskryf is, maar dat die Afrikaanse gemeenskap nie noodwendig daarvan bewus is nie, en dit is waar die biografiese deel van die titel na vore kom. Ons wou hiermee spog met hoe produktief en suksesvol die Afrikaanse gemeenskap is en hoe wyd ons kennis strek. Dit word in 'n biografie gedoen – jy gee dit wat goed gedoen is ook weer. So het die boek dan 'n soort "tell and show" geword.


En dit is die 'storie' agter die storie: ons wou die geskiedenis van Afrikaans op so 'n wyse verpak dat dit verteerbaar verpak is, maar ook dat dit ook soveel bied dat dit die groter waarheid oor Afrikaans na vore sal bring. En ons hoop ons poging slaag.

**Prof. Wannie Carstens**




**Vir meer inligting KLIK HIER**

# Dianne Broodryk



Sy is dalk ma van een, maar vir honderde radioluisteraars is sy 'n moeder van vele.



Seugnet van Zyl
Chantelle Loots
Michelle Draper
afro-boer

Dianne Broodryk, die sogenaamde moeder van Jacaranda 94.2 se hulpverleningsprojek Good Morning Angels, is nou voltyds aan die stuur van dié projek wat verskeie motoriste Woensdagoggende in trane het.

Good Morning Angels is sedert 2005 'n gereelde oggendinsetsel op dié radiostasie, waar hulpbehoewendes met borge en skenkers verenig word. Waar Dianne aanvanklik eers as nuusleser saam met radio-omroeper Kieno Kammies aan dié projek begin werk het, het sy deur die jare onder meer ook saam met Darren Scott en Rian van Heerden gewerk en werk sy deesdae saam met Martin Bester. Dit is juis Rian wat liefderik na haar as "moeder" op sy radioprogram verwys het.

> Oor dié groot rol sê Dianne dis nie iets wat sy gekies het nie, maar eerder iets wat haar amper gekies het.

"Dis 'n groot verantwoordelik en 'n voorreg. Die stasie is eintlik 'n platform vir die skenkers, wat graag iets wou doen, maar nie regtig geweet het hoe of wat nie. Van tyd tot tyd het ons versoeke van mense gekry wat hulp nodig gehad het, maar terselfdertyd wou ons adverteerders en ons kliënte ook help."

Sy vertel hoe hulle aanvanklik klein begin het en vir mense byvoorbeeld nuwe bande vir hulle motors gegee het, en hoe die skenkings net al hoe groter geword het namate hulle hul eie fondse begin genereer het.

Al het dié projek sedert sy ontstaan Dianne, wat as radiojoernalis opgelei is, se "baba" gebly, is sy van 2017 nou voltyds aan die stuur van Good Morning Angels.

Sy geniet haar nuwe rol vreeslik baie, want sy kan steeds mense se stories vertel, maar nou met die verskil dat sy ook 'n oplossing daarvoor kan vind. Kinders lê haar veral na aan die hart.

"Dis die stories wat my die hardste ruk, maar ook vir my die meeste beteken. Dit is stories van mense wat nie moed opgee nie. Ek leer so baie by die mense wat ons help, want hulle gee net nooit moed op nie. Ons en ek by Good Morning Angels hou daarvan om mense te help, wat hulleself kan help."

## Dianne sê sy het juis 'n joernalis geword om op die radio te kan werk.

"Ek het met radio grootgeword. Ons het op die bed gelê en na stories op die radio geluister. Ek was ses jaar oud toe die eerste televisie in Suid-Afrika uitgekom het."

In die gees van Moedersdag het Flink met Dianne saam met haar ma, Patsy van der Westhuizen (71), en haar dogter, Robyn (16), 'n gr. 11-leerling aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria, gekuier.

Haar ma, Patsy, vertel dan hoe haar middelste kind op laerskool al haar eerste radiodrama, *Roep van naguil*, met byklanke en al saam met haar vriende gemaak het.





### Hoekom juis radio?

"Radio is ongelooflik. Dit is een-op-een. Dis persoonlik. Dis alombeskikbaar en -teenwoordig. Jy kan ander goed doen, terwyl jy radio luister. Die radio is eintlik jou metgesel waar jy in jou kar ry of werk en dis verniet. Van alle vorme van media, is radio die intiemste. Elke individu wat hulle radio by hul het, voel dit is nét vir hulle."

### Wat beteken dit vir haar om 'n ma te wees?

Dit is die grootste verantwoordelikheid wat jy in jou lewe sal hê, waarop niks of niemand jou kan voorberei nie. Gelukkig het ek 'n baie goeie voorbeeld. As ek net die helfte so goeie ma is soos wat my ma vir my is, sal my kind oukei wees.

### Wat is jou geliefste herinnering van jou ma?

Ek onthou die baie kere tydens my grootwordjare wat ons saam gesing het terwyl ons ander goed doen … skottelgoed was, in die kar ry … sommer partykeer ons eie liedjies opmaak of ons eie woorde vir liedjies. Waar my ma is, is daar altyd goeie musiek wat speel. Elke Sondag as my ma kosmaak, is dit die beste bord kos in die wêreld – en elke keer as ons saam reis, *shop*, vakansie hou of sommer net gaan fliek. Voor Robyn gebore is, het ek en my ma elke Vrydagmiddag 'n fliek-*date* gehad. Ek geniet dit om saam met my Ma te wees.

### Onthou jy jou eerste Moedersdag en/of die eerste Moedersdag wat jy saam met jou ma spandeer het?

Op my eerste Moedersdag was Robyn nege maande oud. Ek het waarskynlik ontbyt in die bed gekry – soos dit nou nog die tradisie is. Vandat sy kan teken en skryf, kry ek 'n handgemaakte kaartjie (waarna ek die meeste uitsien) en dan gaan ons na een van die familie toe vir middagete saam.

### Wat is jou wens vir jou ma op hierdie Moedersdag gewees?

My wens vir my ma hierdie Moedersdag is dat sy moet voel en besef hoe lief haar kinders en kleinkinders vir haar en ons pa is. Hulle is al meer as 50 jaar getroud en is die kern van ons hegte familie. Vir my ouers wens ek net voorspoed, gesondheid, liefde en geluk toe – hulle verdien dit.

### Watter raad van jou ma sal jy altyd onthou?

By my ma het ek baie wyshede geleer – nie net oor ouerskap nie, maar ook oor menswees. 'n Stukkie raad wat ek nooit sal vergeet nie, het sy vir my gegee toe ek in die laerskool was en baie hartseer was oor 'n maatjie met my lelik was. My ma het gesê ek moet só daaraan dink: "Net iemand wat self ongelukkig is, maak ander mense opsetlik hartseer. Daar is waarskynlik iets wat haar pla wat niks met jou te doen het nie en daarom is sy sommer lelik met jou. Jy moet eintlik vir haar jammer voel en eerder vra of jy haar met iets kan help as om terug lelik te wees." Dit was ook so! Ek pas daardie wysheid nou nog gereeld toe.

### Robyn oor haar ma, Dianne

"Sy is 'n lekker mens in die algemeen. Dis lekker om haar kind te wees. Sy is 'n baie goeie ma. Sy is nog altyd een van my beste vriendinne. Sy laat my toe om net myself te wees." f

Word 'n FAK-VRIEND klik hier



# Bryce gaan betaal!

Dis soos wanneer 'n braaivleisreukie op die aandlug na jou toe aandryf, maar jy weet nie wie braai nie en kry self nie eens 'n happie om aan te smul nie.

So kom 'n mens soms af op 'n flerts van 'n storie wat jou snuf in die neus laat kry dat daar heelwat meer moet wees. Daar is 'n enkele stukkie inligting wat uitskreeu dat hier 'n groter verhaal lê, maar uiteindelik moet jy maar self die moontlikhede invul. Jou verbeelding moet voortborduur op dit wat jy het – en wie weet, dalk word daar dan 'n storie gebore, al was dit nie wat regtig gebeur het nie.

Ons het deur die vervalle ou opstal gestap. Dit moes 'n mooi plek gewees het. Van die stoep af kan 'n mens nou nog oor die leegte uitkyk na waar die son in die middag sak.

Stap jy in by die gaping waar daar vroeër 'n voordeur sou wees, lei die gang jou verby 'n paar vertrekke dieper die huis in. Waar die gang 'n T maak, draai jy links om in die leefvertrek te kom. Die gat waar daar 'n kaggel eens was, roep tonele op van knus winteraande en lekker kuiers met stories wat deur rooiwyn verryk word.

Hoe sou die vloer gelyk het? Dalk lieflike geelhoutplanke … Maar dié is lankal weg. Nou groei daar net bossies.

En as jy omdraai, tref die boodskap teen die muur jou: BRYCE GAAN BETAAL. Net dit, in groot hoofletters teen die muur van dié eens deftige sitkamer. 'n Kort Afrikaanse sin wat bars van emosie.

Wie het dit geskryf? Wie was Bryce? En wat het hy gedoen om te sorg dat iemand soveel magtelose woede op die binnemuur van 'n vervalle woonplek uitskreeu?

Niemand weet meer nie. Dié skrif is dekades lank reeds aan die muur. Wat van Bryce en die skrywer geword het, kan 'n mens maar net raai.

Maar die frustrasie van die oomblik is vasgelê. Die magteloosheid van die woede is duidelik. As die skrywer in die posisie was om Bryce aan die strot te gaan gryp, om vir Bryce die leviete voor te lees en hom 'n les te leer, was daar immers geen rede om sy woede op die muur los te laat nie.

Wat het Bryce gedoen? Het hy die skrywer se hand by 'n lieftallige meisie in die as geslaan? Het hy hom in 'n transaksie verneuk, dalk 'n skaap aan hom verkoop wat Bryce voor sy siel geweet het siek was en wat drie dae later gevrek het? Of het hy die skrywer gaan beskinder in die klein gemeenskappie wat eens hier, op die rand van die Karoo, gebly het? Het Bryce 'n klomp leuens oor hom gaan vertel en so gesorg dat oop deure voor hom toeklap?

## Hoe sal ons weet?

Ons weet nie eens hoe ernstig die saak was waaroor dit gegaan het nie. Vir al wat ons weet was (of is?) ons skrywer iemand met 'n humeur wat in 3 sekondes van 0 tot 100 kan opvlam. Iemand wat in die woede van die oomblik sy wraaksug in hoofletters op 'n muur kon vaslê. Maar iemand wie se toorn net so vinnig weer kon afkoel.

Wie weet, dalk het hy en Bryce dieselfde aand nog saam 'n koeldrank gedrink en gelag oor die hele petalje wat agter hierdie woorde lê. Of lê Bryce se oorskot dalk iewers onder een van die hopies tussen die vervalle huise en ander geboutjies in hierdie plekkie met die spoggerige naam Waterkloof?

Daar is soveel vrae oor wat hier, 'n klompie kilometer buite Philippolis in die Suid-Vrystaat gebeur het.

Was dit die laaste bewoner van dié spoghuis wat so kwaad geword het? Of het hierdie vulkaan ontplof lank nadat die deftige huis aan die genade van die elemente oorgelaat is?

Het die anonieme skrywer ooit berou gehad oor die woorde wat hy geskryf het en oor wat hy daarna gaan doen het?

Of was dit dalk 'n sy? f

**Neels Jackson**





# vereer Steve Hofmeyr

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) gaan Steve Hofmeyr vir sy reusebydrae tot Afrikaanse musiek oor 'n tydperk van dertig jaar vereer.

Hofmeyr gaan in September tydens 'n konsert in Pretoria met die FAK Prestige-toekenning vir besondere kultuurprestasie vereer word, waar hy en verskeie ander kunstenaars van sy liedjies ook sal sing.

Dr. Danie Langner, besturende direkteur van die FAK, sê Hofmeyr het sedert die laat tagtigjare 'n huishoudelike naam in Suid-Afrika geword met sy rol in die televisiereeks, en latere rolprent *Agter elke man*.

“Die FAK is van mening dat 'n kunstenaar se persoonlike standpunte wat deur sommige as omstrede ervaar mag word, geen rede is om nie erkenning te gee en dankie te sê waar dit hom toekom nie. Dit is vanjaar presies dertig jaar sedert Steve in 1989 sy eerste musiekalbum bekendgestel het. Sedertdien het Steve oor drie dekades diep spore in die musiekbedryf getrap met meer as 15 Afrikaanse albums, waarvan vele platinum-status bereik het.”

Langner sê die FAK het veral groot waardering vir die erkenning wat Steve met sy Toeka-CD's ook aan ander kunstenaars gegee het, ongeag of hy met hulle persoonlike oortuigings saamgestem het of nie.

“Dit sal jammer wees as individue en organisasies se voorskriftelike politieke agendas die rede is waarom die FAK nie vir Steve erkenning mag gee vir sy werk ten bate van Afrikaanse musiek oor dekades nie. Steve is 'n reus in die Afrikaanse musiekbedryf en met goeie rede een van die gewildste Afrikaanse sangers tot op hede.”



In die 2012- FAK-Sangbundel, wat in 2016 herdruk is, is van Hofmeyr se gewildste liedjies soos “Pampoen”, “Agter elke man”, “Ek ken jou soms”, “Kaapse draai”, “Kyk hoe lyk ons nou” en “Trein na Margate” opgeneem. Steve het ook in sewe Afrikaanse rolprente en verskeie verhoogproduksies opgetree.

Die FAK gee sedert 1937 erkenning aan Afrikaanse kunstenaars toe die eerste FAK-Sangbundel bekendgestel is. Die afgelope paar jaar het die FAK erkenning aan verskeie Afrikaanse kunstenaars gegee wat sedert die tagtigerjare 'n reusebydrae gelewer het in die ontwikkeling van Afrikaanse musiek.

Hofmeyr is sedert 1986 in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf, waar hy 30 CD's in Afrikaans en Engels sedert 1989 uitgereik en in 10 rolprente gespeel het. Hy het al meer as 200 Afrikaanse liedjies, waaronder vir homself en verskeie ander kunstenaars, geskryf en opgeneem, 10 boeke gepubliseer, in verskeie dramaproduksies en sepies soos *Agter elke man, Egoli* en *7de Laan* opgetree.

Hy sê oor die FAK-toekenning: “Die FAK is vir my die gom wat 'n dinamiese volkie aanmekaar hou. Sy speel haar rol as gemeenskaplike faktor al vir 90 jaar. Ons het haar nou nodig, meer as ooit.”

Die datum, plek van die konsert en lys van ander deelnemende kunstenaars sal nader aan die tyd bekendgemaak word.



# Die ou landsvlag-hofsaak

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) het in die onlangse hofsaak om te bepaal of dit gelykstaande aan haatspraak is as die ou Suid-Afrikaanse vlag gewaai word, as vriend van die hof teen die aansoekers getuig.

Die aansoek is deur die Nelson Mandela-stigting (NMS) en Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (MRK) ingedien. AfriForum is die respondent in die aansoek.

Volgens dr. Danie Langner, besturende direkteur van die FAK, verdedig die FAK as vriend van die hof, nie die ou landsvlag nie, maar verduidelik hy waarom die FAK die NMS se aansoek dat die vertoning van die ou vlag haatspraak is, teenstaan.

**"In ons betoog beklemtoon ons die kultuurhistoriese diepte van die ou landsvlag. Die historiese wortels strek sover terug as 1577 as die vlag van Willem van Oranje in die Tagtigjarige oorlog tussen Nederland en Spanje. Ons wys op internasionale gebruik byvoorbeeld dat die Oranje, blanje, blou vandag die vlag is van New York. Ook dat die vlag in 1927 nie net as 'n simbool van versoening bedoel was nie, maar ook 'n simbool was van opstaan teen Britse imperialisme. Terugskouend sou Hertzog se voorstel van 'n Skildvlag dalk meer inklusief en aanvaarbaar vir almal gewees het. Nietemin, onder die vaandel van die ou landsvlag het Suid-Afrika saam met die Geallieerde magte teen Hitler en die Nazi's in Italië en Noord-Afrika geveg. Net so het Suid-Afrikaners van alle rasse onder die vaandel van die vlag teen die Kommuniste in die Koreaanse oorlog en Bosoorlog geveg," verduidelik Langner.**

Hy sê dit is ook so dat baie republikeinse Afrikaners nie van die ou landsvlag gehou het nie. "BJ Vorster het as premier 'n poging aangewend om 'n nuwe, gemeenskaplike vlag vir die Republiek te ontwikkel. Selfs prof. Carel Boshoff en SABRA het in die tagtigerjare 'n sterk pleidooi vir 'n nuwe landsvlag gelewer.

"Die FAK het baie begrip vir die emosies en betekenis wat baie Suid-Afrikaners aan die ou landsvlag heg. Dit kan nie en mag nie weggeredeneer word nie. Die anderkant is tog, onder die vaandel van die ou vlag is Nelson Mandela vrygelaat en die ANC ontban. Die kleure van die ou vlag is ook opgeneem in die nuwe vlag."

Hy sê baie Afrikaners beskou die ou landsvlag as kultuursimbool, deel van ons geskiedenis, maar ook deel van 'n ander konteks, 'n ander eeu, 'n ander Suid-Afrika.

"Dit is onwaar om sonder meer aan te neem die ou landsvlag beteken vir die meerderheid Afrikaners 'n terughunkering na apartheid. Die kernvraag is nie wat is polities korrek nie, maar eerder wat is wysheid te midde van al die emosies en politieke bagasie? Wat is billik en regverdig en ruimteskeppend teenoor almal? Is dit in 'n diverse land wysheid om historiese simbole te kriminaliseer?"

Langner sê die kern van die FAK se regsargument is daarom dat daar nie 'n ware regsdispuut is oor die ou vlag nie en dat die NMS se saak eintlik net 'n sogenaamde abstrakte dispuut is wat die Gelykheidshof nie behoort te bereg nie.

"Byvoorbeeld, ek kan nie môre hof toe hardloop om vir die hof te vra wie sal reg wees as ek en my buurman dalk eendag 'n dispuut sou hê oor die koördinate van ons grensmuur nie. Daar moet eers inderdaad 'n dispuut ontstaan voordat ek die hof se tyd kan opneem.

"Net so sê ons dat die NMS nie nou al 'n bevel kan vra om mense se toekomstige gedrag (die vertoning van die ou vlag) sonder meer te kriminaliseer nie. Dit moet afhang van al die omstandighede van die geval wanneer 'n hof dit sou oorweeg.

"Die rede daarvoor is dat eintlik net die parlement reëls (wette) kan maak om mense se toekomstige gedrag te reguleer, nie die howe nie. Met ander woorde, net die parlement kan wat ons betref 'n wet maak om die toekomstige vertoon van die ou vlag te kriminaliseer. En dan moet dit boonop 'n wet wees wat in ooreenstemming is met die waardes van die Grondwet.

"Op daardie basis, en op die basis van gesonde klassieke liberale waardes, naamlik dat, in geval van twyfel, vryheid van spraak moet heers selfs al is daardie spraak 'aanstootlik'."

VROUE IN DIE MEDIA:

# 'n nuwe generasie

SEDERT DIE NEGENTIGERJARE VAN DIE VORIGE EEU HET DIE AFRIKAANSE NUUSKANTORE GROOT OMWENTELINGS MEEGEMAAK. EEN VAN DIE OMWENTELINGS WAS DIE OPKOMS VAN DIE VROULIKE JOERNALIS. VROUE KON UITEINDELIK HUL REGMATIGE PLEK AAN DIE TAFEL INNEEM EN SELFS UITSTYG NA BESTUURSPOSISIES. DIT IS TE DANKE AAN DIE VOORLOPERS M.E.R. EN RYKIE VAN REENEN, ASOOK MEER ONLANGS VROUE SOOS ESMARÉ WEIDEMAN EN JOHANNA VAN EEDEN.










## Rykie se nalatenskap

In die 1940's was vroulike joernaliste in die media 'n uitsondering. Te danke aan die formidabele voorlopers M.E.R. en Rykie van Reenen hoef vroue in die media nie meer vandag terug te staan vir hul manlike eweknie nie. Rykie was 'n baanbreker deur die eerste vroulike joernalis te word wat van die vroue-redaksie na die algemene redaksie geskuif het. Om Rykie se aandeel in die media te erken, het die Joernalistiekdepartement van Stellenbosch Universiteit in 1999 die Rykie van Reenen-genootskap ingestel. Met dié genootskap, geborg deur Media24, word daar elke jaar een gasdosent vir 'n jaar by die departement verwelkom. Vanjaar is Carryn-Ann Nel die Rykie van Reenen-gasdosent en sy sê om die "Rykie" te wees, is nie net 'n eer nie, maar 'n groot voorreg. "Jy is op 'n manier verantwoordelik en baie instrumenteel in van die studente se toekoms as joernaliste." Haar werk is om 'n mentor te wees vir die studente. Sy moet help met praktiese raad en ook in die algemeen luister en raad gee. So lei 'n nuwe generasie vroue hul geslagsgenote op die pad. Dit was immers ook Rykie se opdrag in 1979: "Komaan, sustertjies, nou julle beurt."

## Vandag se rolmodelle

Joernaliste vandag skryf die laaste jare se veranderinge in die nuuskantore onder meer toe aan Esmaré Weideman en Johanna van Eeden wat meer onlangs uitgestyg het as vroue in die media. Esmaré het in 1984 met indiensopleiding by *Die Burger* begin en uiteindelik 33 jaar later as die uitvoerende hoof by Media24 uitgetree.

Dit is juis in die laaste drie dekades wat die meeste veranderinge teweeggebring is. Martie Swanepoel skryf vir *Rooi Rose* oor haar wedervaringe as joernalis vir *Beeld* in die tagtigerjare. Vroue het nie vir huissubsidies gekwalifiseer nie en dadelik 'n tydelike personeellid geword as jy trou, en soms was 'n storie as te gevaarlik vir 'n vrou bestempel. "In kort, die glasplafon was net-net bo ons koppe," sê sy.

Dis uit dié mediakultuur waar Esmaré uitgestyg het. Kay Karriem, redakteur van *Kuier*, sê oor Esmaré: "In Media24 het dit 'n groot verskil gemaak toe Esmaré in 2011 die uitvoerende hoof geword het. Daai sprong van redakteur tot bestuur ... dit het vir vroue gewys hulle kán presteer en die mans het gesien sy kan die werk doen. Al hul stereotipes was verkeerd bewys."

Mia Spies, 'n joernalis by eNuus, lig vir Johanna van Eeden uit as 'n rolmodel. Johanna was redakteur van *Volksblad* voor sy as hoof van Netwerk24 aangestel is. Johanna sê self vroue hoef nie meer te veg vir 'n plek aan die tafel nie. "Dit het oor die jare baie verander en daar is 'n baie groter bewustheid van die bydrae wat vroue kan lewer. In my tyd by Media24 het ek wonderlike geleenthede gekry en in die meeste gevalle was dit mans wat daardie geleenthede vir my moontlik gemaak het."

Word 'n FAK-VRIEND klik hier

# van voorlopers







Mia sê in haar dekade in die media waar sy ervaring in verskeie nuuskantore opgedoen het, is sy meestal dieselfde as haar manlike kollegas behandel. "Vroue is ook goed verteenwoordig, in terme van syfers, in die nuuskantore waar ek al gewerk het. In baie gevalle was daar selfs meer vroue in die nuuskantoor, veral in poste soos vervaardigers, verslaggewers en aanbieders," sê Mia.

"Ek en my vroulike kollegas skram nie weg van ernstige 'harde stories' soos politiek, korrupsie, hofsake en misdaad nie." Mia sê sy is ook nog nooit oorgesien om 'n ernstige, ontstellende of gevaarlike nuusgebeurtenis te dek omdat sy 'n vrou is nie. "Inteendeel, dit word dikwels aan my toegewys omdat ek dit met die nodige sensitiwiteit hanteer."

En dit was juis deel van Rykie se opdragte aan haar vroulike opvolgers in 1979: om die werk net so goed soos 'n man te kan doen, en juis daardie ekstra dimensie by te voeg.

## Knelpunte

Nie alles is altyd ideaal nie. Die prentjie verskil ook van nuuskantoor tot nuuskantoor en Doreen Loubser, aanlyn nuusredakteur by Algoa FM skep 'n minder rooskleurige prentjie. Sy meen in sommige nuuskantore moet vroue steeds harder werk om raakgesien en erken te word vir die werk wat hulle doen. "Dit is my persoonlike ondervinding dat ouer mans nie daarvan hou om instruksies van 'n vrou te vat nie."

Volgens Mia voel dit soms asof vroue 'n plek aan die spreekwoordelike tafel het, maar die stryd is nou om meer vroue aan die kop van die tafel te kry. Kay meen alhoewel diversiteit verbeter het, is daar te min Afrikaanse bruin vroue in gesagsposisies in die media na wie jong joernaliste kan opkyk.

Johanna, wat wel aan die kop gesit het, vertel sy het baie lank dieselfde werk gedoen as haar manlike kollegas sonder om dieselfde vergoeding daarvoor te ontvang. "Ek het uiteindelik die moed bymekaar geskraap toe ek in 'n nuwe rol aangestel is om te sê dis reg, ek doen dit graag, maar dan soek ek dieselfde vergoeding as my manlike voorganger."

Mia sê joernaliste is meestal in die donker oor hul kollegas se salarisse en maatskappye sal nie sommer die data bekend maak nie, maar vroue in die nuuskantore het steeds snuf in die neus dat hulle minder as hul manlike eweknieë verdien. "Die feit dat die inligting so geheim gehou word, dra ook tot daardie skeptisisme by."

Johanna sê ten slotte dat sy sien hoe daar baie skerp gekyk word na mans se optrede teenoor vroue, maar minder skep na vroue se optrede teenoor vroue. "Soms kry jy die swaarste by die werk weens 'n ander vrou.
As vroue behoort ons mekaar meer te ondersteun en op te bou. Nie vir saamstaan teen mans nie, maar om daar te wees vir mekáár," sê sy. f

**Tanya de Vente-Bijker**

# Wanneer is *instrumentale musiek* **nie** Boeremusiek **nie**?

Baie mense verkeer onder die wanopvatting dat alle instrumentale musiek wat deur Afrikaanssprekende kunstenaars gemaak word, Boeremusiek is.

Die kriteria van wat Boeremusiek is en wat nie, is eenvoudig: Boeremusiek het gewoonlik 'n konsertina of trekklavier as hoofinstrument hoewel sommige kitaarmusiek ook as sodanig geklassifiseer kan word. Die vraag is ook of musiek met 'n konsertina of trekklavier as hoofinstrument maar moderne instrumente soos tromme, elektriese kitare en klawerborde as Boeremusiek geklassifiseer kan word. Daar is meningsverskille hieroor.

Daar was egter deur die jare ook 'n aantal instrumentaliste wie se musiek bloot instrumentaal was. Een van die pioniers van die vroeë 20ste eeu was die klavierspeler Jim Muller. Hy het reeds in 1938 begin om opnames van sy keurspele te maak; dit is aanvanklik op 78-spoed plate uitgereik maar later op langspeelplaat vrygestel. Hy was goed bevriend met Chris Blignaut en het landwye konserttoere saam met hom en Hendrik Susan onderneem. Hy het Chris ook op die klavier op sy eerste album begelei. Hy is in 1962 in die ouderdom van 64 jaar oorlede.

Nog 'n bekende klavierspeler wat omtrent dieselfde tyd op die toneel verskyn het, was Taffie Kikilus. Hy het die eerste klavierlangspeelplaat in Suid-Afrika, getiteld *Taffie plays for you* vrygestel, en sy eie orkes aan die Universiteit van Stellenbosch gehad. Taffie was verantwoordelik vir 'n stukkie boereverneukery. Die album *Ghitaar se moses* is deur ene Sewus van Rooyen opgeneem en vrygestel, maar Sewus het nooit bestaan nie en daar was glad nie 'n kitaar op die album nie. Die klank is eerder deur Taffie op 'n klawesimbel voortgebring en hy het selfs ervare musikante op hierdie manier om die bos gelei. Taffie was ook 'n bekende








Rocco de Villiers





Taffie Kikilus

rolprentakteur; hy het homself in onder meer *Hier's ons weer, Altyd in my drome* en *Alles sal regkom* as pianis vertolk, maar as akteur in onder meer *Gevaarlike spel, Matieland, Boerboel de Wet, Hou die blink kant bo* en *Fratse in die vloot* opgetree. Taffie se seun, Karl, is 'n bekende radio-en-televisie-persoonlikheid, en het al programme soos Video 2 aangebied terwyl hy ook omroeper by onder meer Highveld Stereo en Five FM was. Hy het ook 'n enkelsnit as sanger opgeneem. Taffie is in 2014 in die ouderdom van 87 jaar oorlede.

Een van die leiersfigure met die ontstaan van Afrikaanse musiek-rolprente was Hendrik Susan, wat bekendheid as orkesleier en violis verwerf het. Hy het al met die simboliese ossewatrek in 1938 bekend geword, veral met sy vertolking van onder meer Danie Bosman se bekende komposisie "Boereseun". Nadat hy 'n minder suksesvolle konserttoer onderneem het, het hy die eerste Afrikaanse klub, die Werda, waar mense na musiek kon luister en kon dans, in Johannesburg geopen. Sy orkes was seker die eerste groot dansorkes en hy het gereeld van instrumente soos 'n viool, klavier, trekklavier, elektriese kitaar, basviool en tromme gebruik gemaak. Hendrik was ook 'n goeie saksofoonspeler maar hy het dit nooit in sy orkes gebruik nie. Hy het van die beste moontlike musikante gebruik gemaak en altyd probeer om ook 'n goeie sanger te hê. Die orkes was later so gewild dat die plekke waar hulle opgetree het, stampvol was en daar nie plek vir alle belangstellendes was nie. Hendrik se komposisie "Huisie in die berge", is gekomponeer na aanleiding van 'n huis wat regtig bestaan het. Dit was op die plaas Haarlem, waar hy grootgeword het. Hoewel hy 'n suksesvolle musikant was, het hy in 1941 besluit om te boer en die plaas te gebruik as hoofkwartier van waar hy sy musiekloopbaan sou voortsit. Hoewel Hendrik se musiek as ligte Afrikaanse musiek beskou kon word, het hy nie op Boeremusiek neergesien nie. Die bewys daarvan was dat hy wel ou FAK-liedjies en Boeremusiek op plaat vasgelê het. Teen die einde van sy lewe het hy die jong sopraan Lucille Ackermann, wat later saam met Francois van Heyningen gesing het en met hom getroud was, ontdek. Hy is op 25 April 1963, kort voor sy sestigste verjaardag, in Piet Retief oorlede.

Oom Kerrie Bornman was een van die groot geeste in Boeremusiek en sy seun, Ricardo, het sy pa se talent by hom geërf. Hy was een van die min kitaarspelers in Suid-Afrika wat met oorspronklike komposisies vorendag gekom het, en baie daarvan is gereeld oor die radio gehoor. Onder sy bekendstes is "Ressano Garcia" (vernoem na die grenspos tussen Suid-Afrika en Mosambiek), "Lentevrolikheid", "Skemeraand", "Sondebok", "Umfaan" en "Kareebosch". Hy het ook ten tyde van die grensoorlog die treffer, "Die grenswag", geskryf. Die jong sanger Gerry Lottering het dit opgeneem maar hy is kort daarna oorlede. Ricardo se instrumentale weergawe was egter ook uiters gewild. Ricardo is in 2000 oorlede, maar 'n paar jaar daarna het Deon van der Merwe hulde aan hom gebring deur twintig van sy treffers op sy album Kitaarjolyt, wat 'n huldeblyk aan hom was, op te neem.

Die veelsydigste instrumentalis in ons land se geskiedenis was Flippie van Vuuren, wat blykbaar meer as dertig musiekinstrumente kon bespeel en ook as komponis bekendheid verwerf het. Onder die instrumente wat hy kon bespeel, was die klavier, trekklavier, traporrel, elektriese orrel, konsertina, klarinet, saksofoon en melodika. Onder sy bekendste komposisies was "Orrelkaskenades", "Gesondheid", "Los voor" en "Oom Hendrik se setees", asook "Groen koringlande" en "Wiederschau", wat onderskeidelik treffers vir Ben E. Madison en Jurie Ferreira was.

Die bekendste en gewildste orkes in Suid-Afrika is die Klipwerf-orkes, wat voorheen as die Klipwerf-Boereorkes bekendgestaan het. Weer eens is die vraag of hul musiek as Boeremusiek beskou kan word of nie. Vir die meeste van hul aanhangers maak dit in elk geval nie saak nie. Hulle vier vanjaar hul vyftigste bestaansjaar, hoewel hulle eers die laaste dertig jaar landwyd gewild geword het. Hulle het nog altyd 'n balans tussen bekende oorsese en plaaslike komposisies en nuwe plaaslike skeppings gehandhaaf en is oral in groot aanvraag.

Rocco de Villiers is tans ons land se voorste klavierspeler, en sy gewildheid het die afgelope paar jaar toegeneem, veral nadat hy sy album *Beautiful beautiful piano* vrygestel het. Hy het intussen nog 'n paar suksesvolle albums vrygestel, onder meer *Beautiful beautiful hymns, Country keys* en *Stunning*, terwyl sy jongste vrystelling, *Kort broek lang kouse*, teen die einde van 2018 vrygestel is. Die musiekvideo van sy vertolking van Jim Muller-keurspel nr. 1 was uiters gewild, en snitte soos "Roccobilly", "Kla 1 kla 2 kla 3 kla 4", asook "Wat om te dra agter op 'n bakkie", vanaf sy nuwe album, het treffers geword.

Die toekoms van instrumentale musiek is in goeie hande as gevolg van twee sussies wat 'n kitaarduo gestig het en reeds drie albums vrygestel het. Die Ventertjies bestaan uit Nicola en Lindie-Lee Venter, wat van kleins af al musiek maak. Hulle speel nie net ou bekende snitte nie, maar hulle het, veral op hul nuwe album, *Vanaand dans ons weer*, gewys dat hulle ook hul eie wysies kan komponeer. Hulle is nog jonk en daar wag nog 'n blink toekoms op hulle.

Gedurende die bestaan van Springbok Radio se Top 20 was daar net twee plaaslike instrumentale snitte wat kon toetree. In Mei 1967 het die Boet van Wyk-orkes 'n Top 2-treffer gehad met "Oliekolonie", wat toevallig later ook deur Groep 2 opgeneem is. Groep 2 was terselfdertyd op die trefferslys met "Die oukraalliedjie". "Oliekolonie" het die tiende plek op die Top 20 gehaal. Teen die einde van 1982 was *Vyfster*, met George Ballot in die legendariese rol van Skollie, op Suid-Afrikaanse televisie. Die tema, gespeel deur Lloyd Ross, is op 'n kortspeler uitgereik; dit het in Januarie 1983 tot die Top 20 toegetree, die derde plek gehaal en negentien weke daarop gebly. Dit het uitgesak net voordat die trefferslys van twintig na dertig liedjies vergroot is. Teen die einde van daardie jaar is dit as die Treffer van die Jaar op Edwill van Aarde se program Afrikaanse Treffers aangewys. Dit was die grootste "Afrikaanse" instrumentale treffer ooit. Lloyd Ross het later die platemaatskappy Shifty gestig; dit was die begin van die Voëlvry-beweging.

Die toekoms van instrumentale musiek lyk belowend; daar is 'n aantal begaafde instrumentaliste wat gereeld nuwe musiek komponeer en opneem; solank dit gebeur, sal die vraag daarna net aanhou toeneem. f

**Daantjie Dinamiet**

fak 90 1929-2019




1945: Volkskongres oor maatskaplike beleid

**Volgens die Verklarende woordeboek is 'n kongres 'n samekoms van afgevaardigdes om wetenskaplike e.a. sake te bespreek. In die afgelope 90 jaar het die FAK verskeie kongresse gereël. Hier word slegs enkeles genoem.**

# Kongresse

## 1939: CNO-kongres

Op 6 en 7 Julie 1939 het die FAK 'n CNO-kongres gehou om 'n grondslag en beleid van Christelik-nasionale onderwys neer te lê. Hierdie kongres het besluit "dat die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing die grondslag van die opvoeding en onderwys van die Afrikanervolk moet wees, en dat dit ten doel moet hê die voortplanting, beskerming en ontwikkeling van die Christelike en nasionale wese en aard van ons volkslewe." Die besluite van die kongres het vir dekades die wese van Afrikaanse skole bepaal.

In 1943 is die kongres opgevolg met 'n kongres oor moedertaalonderrig. Ten spyte van die kort voorbereidingstyd, petrolrantsoene as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog en die skoolvakansie, is die kongres deur 900 afgevaardigdes bygewoon. Die FAK het moedertaalonderwys as uitgangspunt aanvaar en 'n leidende rol gespeel om Afrikaanse onderwys in Natal te vestig. Deur middel van die FAK se Instituut vir Christelik-nasionale Onderwys en Opvoeding is projekte van stapel gestuur om Afrikaanse taal en kultuur in skole te vestig. 'n Moedertaal-strydfonds is gestig om ouers van die belang van moedertaalonderrig te oortuig.




*Op 28 April 1945 is die CNO-Voortrekker-bewaarskool in Pietermaritzburg gestig, wat deur die FAK tot stand gebring is om moedertaalonderwys in Natal te vestig.*

## 1939: Ekonomiese Volkskongres

Sedert sy ontstaansjare was die FAK gekonfronteer met die gevolge van verstedeliking. Die vinnige verstedeliking het aanleiding gegee tot maatskaplike en morele verval onder Afrikaners. Aanvanklik was die gedagte om 'n omvattende liefdadigheidsplan te ontwikkel, maar onder leiding van die FAK is besluit op 'n selfhelpplan met ekonomiese bemagtiging as uitgangspunt. Van 3 tot 5 Oktober 1939 in Bloemfontein word die Eerste Ekonomiese Volkskongres gehou. Na aanleiding van hierdie kongres kom die Ekonomiese Instituut van die FAK tot stand. Die FAK se Ekonomiese Instituut het die Reddingdaadsbond oorgeneem. Dr. Nico Diederichs, latere Staatspresident, is deur die FAK as sekretaris van die Reddingsdaadbond aangestel. In 1956 het die Reddingsdaadbond ontbind en het sy bates na die FAK oorgegaan. Die Ekonomiese Instituut het ook die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) gestig. Die stigtingsdoelwit van die AHI was om Afrikaners se  kleingeld te mobiliseer ten einde verarmde Afrikaners finansieel op hulle bene te help, kennis op ekonomiese gebied te voorsien en spaarsin aan te moedig.

## 1945: Volkskongres oor maatskaplike beleid

Die kongres het op 5 Julie 1945 plaasgevind en is deur 250 afgevaardigdes bygewoon. Die sake wat bespreek is, het onder meer ingesluit die Afrikaanse gesinslewe, 'n arbeidsbeleid en opvoeding, en jeugontwikkeling.

## 1954: 25 jaar – Silwerjubileumkongres

Van 29 September tot 3 Oktober vier die FAK sy 25ste bestaansjaar tydens die Silwerjubileumkongres in Bloemfontein.



*Mnr. GA Fichardt (burgemeester Bloemfontein), dr. SH Pellissier (Uitvoerende komitee FAK), mnr. Gideon Roos (direkteur-generaal SAUK) en prof.-dr. HB Thom (FAK-voorsitter)*





## 1957: Buitengewonde kongres oor Volksmusiek en Volksang

Om die taal en kultuurbande met die Lae lande te versterk, het Jan Bouws in 1957 op 55-jarige leeftyd deur die toedoen van die FAK na Suid-Afrika geëmigreer. Hy het by die 1957-FAK-kongres 'n lesing oor Volksmusiek gelewer. Meer as 2000 kopieë van sy referaat, *Die Afrikaanse Volkslied*, is versprei. Die Universiteit van Stellenbosch het in samewerking met die FAK 'n Instituut vir Volksmusiek gestig en Jan Bouws is as lektor aangestel.

Die FAK het gemeenskappe aangemoedig om eie verantwoordelikheid te neem vir sang- en kultuurfeeste. Op die 1957-FAK-kongres oor Volksmusiek het die Kaapse Maleierkoor opgetree. In 1975 het die FAK 'n musiekbeurs aan die begaafde bruin sanger, PD Abels, toegeken.

Afrikaanse universiteite is gevra om massakore op die been te bring waaruit later kleiner sterk kore kon ontwikkel.

Die instelling van musiek en sang as skoolvakke is op die kongres bepleit. Dit is opgevolg met spesiale kongresse oor skoolmusiek en skoolsang in die sestigerjare.

In 1957 het die FAK tydens die kongres 'n Afrikaanse plateskema goedgekeur. Die plaat as medium is gebruik om Afrikaans, die Afrikaanse vertolker en die Afrikaanse publiek te steun.

In 1979 het die FAK 'n dubbelalbum, *Op my ou ramkietjie*, van Mimi Coertse uitgegee waarop sy liedere sing wat van die Eerste Taalbeweging tot by getoonsette gedigte van NP van Wyk Louw strek.

Tot 1980 het verskeie topgehalte Afrikaanse plate verskyn, onder andere Studentestemme, Serenades vir 'n Boerenooi, Mimie Coertse, Jos Clebér en sy orkes, Erika, Sewe lawwe liedjies en Vrolike studente hier's ons weer.




*Die FAK-Plateklub*



*Gé Korsten (links) saam met Con Lamprecht (middel) tydens die opname van die eerste van 'n reeks Afrikaanse plate wat die FAK van 1957 af uitgegee het.*

## 1962: Jeugraad van die FAK gestig

As regstreekse uitvloeisel van die Jeugkongres van die FAK wat op 16 en 17 April 1962 in Pretoria gehou is, is die Nasionale Jeugraad gestig. Later het die Hoofbestuur van die FAK besluit dat die Nasionale Jeugraad voortaan slegs as die Jeugraad van die FAK bekend sal staan.

## 1962: Kongres in Durban



*Prof. HB Thom tydens die kongres in Durban.*



*Handtekeninge van die kongresgangers*



Stigterslede van die FAK by die 1962-kongers. Van links na regs: Mnr. Ivan Lombard, mnr. MS Lindeque, prof. HB Thom, ds. J Dreyer, mnr. Jan Swart en dr. JJ van Tonder.

### 1979: FAK halfeeufees en kongres

Op 21 Februarie 1979 is die FAK se halfeeufeesjaar geloods met 'n sakeleiersdinee waar die FAK hulde en dank betuig het aan die Afrikaanse sakegemeenskap se volgehou steun aan die FAK. Tussen 10 en 12 Julie hierdie jaar het die FAK sy vyftigjarige bestaan luisterryk in Bloemfontein herdenk. 'n Gedenkuitgawe van *Handhaaf*, 'n nuwe *FAK-Sangbundel* en 'n geskiedeniswerk met die titel *Vyftig Jaar Volksdiens*, is gepubliseer. Gedenkpennings is geslaan, 'n gedenkseël gedruk, 'n gedenkplaat by die NALN onthul en 'n dubbel-langspeelplaat waarop die ontwikkeling van die Afrikaanse liedereskat aangedui word, is beskikbaar gestel.

### 1982: Afrikaner Onderwyskongres

Na aanleiding van 'n besondere suksesvolle Afrikaner-Onderwyskongres wat in 1982 in Bloemfontein gehou is, het die Hoofbestuur van die FAK in dieselfde jaar tot die stigting van 'n onderwyskomitee oorgegaan.



Die Reëlingskomitee en kongresvoorsitters van die Afrikaner-Onderwyskongres. Voor: dr. HA Sloet, prof. HO Maree, ds. DJ Viljoen, prof. WL Mouton, dr. Rina Venter, regter G Viljoen en dr. JT van Wyk. Middel: Dr. AM van den Berg, prof. HJS Stone, prof. JF Steyn, dr. SJP du Plessis, prof. HB Kruger en dr. SJ Eloff. Agter: Prof. F van der Stoep, prof. PGW du Plessis, en JG du Plessis

### 1986: Kongres vir Skoolmusiek en Skoolsang

In 1985 het die Musiekkomitee 'n simposium gehou waarheen belangstellende musici genooi is. By dié geleentheid was die tema "Musiek in die Suid-Afrikaanse opset". 'n Uitvloeisel van die simposium was die Kongres vir Skoolmusiek en Skoolsang. Met behulp van die Musiekkomitee is 'n plate-album *Kaleidoskoop van SA Musiek* saamgestel.



Kongresgangers

### 1993: Volkskongres oor Armoede en Werkloosheid

Teen 1992 het die FAK se Ekonomiese komitee bevind dat Afrikaners in die nuwe bedeling slegs ekonomies deur middel van entrepreneurskap sou oorleef. Die FAK het die AHI se werkverskaffingsprojekte ondersteun. Die FAK het die aksies opgevolg met 'n Kongres oor Armoede en Werkloosheid. By dié geleentheid is die FAK versoek om 'n helpmekaaraksie van stapel te stuur, net soos in die dertigerjare. Die Komitee vir Maatskaplike Ondersteuning en Ontwikkeling is in die lewe geroep. Namate die Helpmekaar 2000-projekte geregistreer en op koers geplaas is, het die naam verander na die Nasionale Komitee: FAK-Helpmekaar 2000.

Die FAK het die Udolpho-terrein naby Parys as 'n armoede-opheffingsprojek bestuur. Groentetonnels is opgerig waar behoeftige gesinne medeverantwoordelikheid geneem het om 'n verskeidenheid groente te verbou.

In Johannesburg is die ou Trap der Jeugd-skool gerestoureer en aan MES (Middestad Evangeliese Sorg) oorhandig.

### 2002: Nasionale Jeugkongres

Onder leiding van die FAK is die sentrale afsluitingsgeleentheid van die Anglo-Boereoorlog gereël. In samewerking met die Voortrekkerbeweging is 'n nasionale Jeugkongres op 31 Mei 2002 by die Vrouemonument en Oorlogsmuseum in Bloemfontein gereël met die tema: "Uitdagings vir die toekoms". Jeugleiers van oor die hele land het na afloop van die kongres 'n jeugmanifes beskikbaar gestel. Tydens die kongres het die Afrikanergemeenskap 'n duidelike aanduiding gegee dat die Afrikaner met 'n eie identiteit wil voortbestaan en Afrikaans aktief wil bevorder. f



Kongresgangers by die Halfeeukongres van die FAK

# Die *siener* van die suburbs

Hy draai sy kop skuins vir die foto. Sy modderbruin oë staar na die glasdeur. 'n Glimlag pluk om sy dun lippe. 'n Goue oorbelletjie blink in sy oor. Hy draai terug. Kyk reguit na die kamer. Skielik raak sy oë mistig. Sy lippe ruk. Hygend. Asemnood. "Hy wou nie dood gegaan het nie. Jou pa. Hy het my gewys hoe hy dood is. Hy wou nie dood gaan nie, maar hy is nou rustig. En hy is hier. Hier by jou."

En toe rol die trane oor Gerald Burger (71) se wange. "Soms hou ek nie van die gawe nie. Mense se pyn, maar dit is my gawe. Die gawe om met die dooies te kan kommunikeer en hulle na die lig te stuur."

Gerald is Suid-Afrika se onglansryke weergawe van Hollywood se ghost-busters. Dié siener wat met die bonatuurlike kommunikeer en "jou van die bose verlos" soos hoe die vervaardigers van *Die Siener*, wat vanaf middel April op kykNET uitgesaai word, slim Gerald se gawe verwoord.

Dit is 'n sonnige laatherfsdag. Werkersdag. Maar dit is koud in Gerald se voorstedelike huisie in Birchleigh, 'n middelklasvoorstad in Kempton Park. "Dit is seker Sandy se teenwoordigheid wat jy aanvoel." Sandy wat tot vier maande gelede by Gerald gebly het, maar een oggend net haar laaste asem uitgeblaas het. Sy het nie aanbeweeg nie, maar agtergebly om Gerald geselskap te hou.

Want al is Gerald nou die hoofkarakter van sy eie televisiereeks – 'n reeks wat net die kroon op sy gawe gespan het – is hy 'n eenkantmens. "As ek tussen mense is, sien ek hulle altyd. Die afgestorwenes. Dit maak my mal – soms weet ek nie wie is lewend en wie is dood nie."

Dus bly hy tuis. Hy en Sandy en die sewe honde wat al keffend om sy voete is. "Net die oggend," vertel hy, het Sandy lank met my gesels. Sy het 'n polis aan haar man, wat drie jaar gelede oorlede is, nagemaak en het dit nooit verander nie." Nou wil Sandy alles in haar bonatuurlike vermoë doen om die polis op sy naam te kry.

Geld, dit het Gerald nie in oorvloed nie, want dit wat hy het, deel hy aan straatkinders en sy naaste uit. Hy gee kos aan die armes en samel self aardse noodsaaklikhede soos potte en panne in om aan dié wat nie het nie, uit te deel. Tweedehandse klere deel hy nie uit nie. "Ek sal nooit toelaat dat iemand tweedehandse klere dra nie, want ek moes as kind ander se klere dra. As ek die dag doodgaan, moet my klere verbrand word."

Gerald is 'n aangenome kind. Op agtjarige ouderdom het sy gawe gemanifesteer. Hy was van die een sielkundige na die volgende terapeut. Sy verbeeldingsmaatjies wou nie weggaan nie. Toe het hy 'n psigiatriese verpleër geword en hy het sy gawe begin verstaan. Hy het dié gawe gebruik om lewendes en dooies te help.

En nee, hy was nog nooit bang vir die bonatuurlike nie. "Ek was ook nie eers bang vir die kwaai gees wat my gevloek en aangerand het nie. Ek het net my rug op hom gedraai en verduidelik dat hy self na die lig moet gaan. Hy het selfdood gepleeg."

Op 'n manier, sê Gerald, het dié televisiereeks gehelp om sy eie spoke ook te besweer.

In die reeks reis Gerald na al die bekende spookhuise en spookdorpe in die land. Van Kimberley tot in Matjiesfontein – waar hy meer as net die twee bekendste spoke in die Lord Milnerton-hotel gekry het.

Na die eerste episode het sosiale-mediagebruikers kritiek gekraai. Gerald is alles van "uit die bose" tot 'n "glyjakkels" genoem, maar daar is ook dié wat aan Gerald se lippe hang en bel en bel. "Sedert die program uitgesaai word, hou my foon nie op met lui nie."

Daar is niks boos aan Gerald nie. Nie dié man met sy yl, grys haartjies, sy mooi siel wat uit sy oë weerkaats en die ruim hart nie. Nie in dié sitkamer waar gebede nog swaar hang en engele sy koffietafels vol staan nie.

Sy gawe, sê hy, kom van God af. En voordat hy 'n bonatuurlike wese lig toe stuur, voordat hy 'n lesing vir een van sy kliënte doen, bid hy.

Selfs die siniese Rian van Heerden, vervaardiger van die program, weet en glo dat Gerald die ware Jakob is. "Ek ken vir Gerald al bykans twintig jaar en hy het nog nooit iets verkeerd gehad nie."

"Maar ongelukkig kan ek nie dit wat moet gebeur, verhoed nie. Soos daardie dag toe ek die Laingsburg-vloede 'gesien het' en niks kon doen om die mense se lewens te red nie," sê Gerald saggies. 'Julle moet nou gaan." Die maer lyf rank uit die stoel. "Hier kom mense al die pad uit Bothaville om my te sien."

Hy sluit die traliehek. Loop in die maag van sy huis in. Die maer siener van die suburbs. f

**Yolanda Barnard-Lemmer**



# Prof. Anne-Marie Beukes

**Prof. Anne-Marie Beukes, wat van 1 Junie vanjaar die pos van uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) sal beklee, het op aftrede gestaan, maar toe vra Afrikaans iets van haar.**

## Wat vra Afrikaans dan van jou, veral in jou nuwe hoedanigheid?

Afrikaans is 'n belangrike taal in eietydse Suid-Afrika. Ons moet onthou dat dit die derde grootste taalgemeenskap in die land is en boonop die enigste amptelike taal – naas Engels – wat tans as 'n volwaardige wetenskapstaal kan funksioneer; en dit is géén geringe prestasie nie. Daarby is Afrikaans 'n besonder lewenskragtige kultuurtaal waarvan ons letterkunde, musiek en kunsfeeste 'n konkrete manifestasie is. Afrikaans is ryklik geseën met die pragtigste geskakeerde streeksvariëteite wat getuig van ons mense se verankerdheid hier in Suider-Afrika.

In ons eietydse konteks, wat gekenmerk word deur grondwetlike erkenning van en respek vir diversiteit, moet taalgemeenskappe met goeie beplanning sorg dra dat ons die leefruimte wat ons gegun (moet) word ten volle sal opneem. Dít is – oorhoofs gesien – die mandaat van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns waaraan ons namens ons taalgemeenskap moet help gestalte gee. Die Akademie is vanjaar 110 jaar oud en steeds vasberade op pad om, saam met ander taal- en kultuurliggame, Afrikaans as 'n instrument en 'n pêrel van groot waarde te help slyp ten behoewe van ons héle taalgemeenskap. Daarom vind ek dit so opwindend om in die diens van die SA Akademie by Afrikaans betrokke te kan wees.

## Jy beskou Afrikaans as 'n bate vir 'n wetenskapstaal. Hoekom sê jy so?

Afrikaans is die enigste Afrikataal wat die afgelope sowat 100 jaar tot 'n volwaardige akademiese en wetenskapstaal ontwikkel het. Trouens, ons taal is een van slegs vyf tale wat dit kon vermag, naamlik Hebreeus, Katalaans, Maleisies en Hindi. Dit is 'n bemagtigingsinstrument van onskátbare waarde wat in diens van ons hele taalgemeenskap kan staan. Die toegepaste taalwetenskap propageer al lange jare oor die onmeetbare voordele van onderrig en leer deur middel van mens se moedertaal. Moedertaalonderrig het histories egter polities gestigmatiseer geraak in ons land en daarom is dit van die allergrootste belang om ons taalgemeenskappe weer bewus te maak dat die kognitiewe voordele daarvan tot beter prestasie lei en minder druipelinge oplewer. In hierdie konteks moet die (grootliks geïgnoreerde) wetenskaplike bevindinge gedeel word dat moedertaalonderrig ook die weg baan vir die doeltreffende verwerwing van addisionele tale soos Engels en ander inheemse tale.

## Wat is jou visie en missie vir die volgende drie jaar?

1. Ek wil voortbou op die vaste bestuursgrondslag wat my voorganger, dr. Dioné Prinsloo, gevestig het om gestalte te gee aan die visie en missie van die Akademie ten behoewe van die bevordering van Afrikaans in die wetenskap en die kunste.
2. Ek is van mening dat die Afrikaanse taalgemeenskap 'n sentrale rol te vervul het in Suid-Afrika se diverse taalekologie (11 amptelike tale en 'n verskeidenheid ander inheemse tale) en dat die Akademie juis goed geposisioneer is om 'n bydrae te lewer wat die dinamiek van 'n volwaardige lewe in eie taal kan illustreer.
3. 'n Aspek wat my na aan die hart lê is die allerbelangrike strewe van die Akademie om aan álle Afrikaanse mense 'n volwaardige 'tuiste in eie taal' te bied waar ons in gesprek kan tree oor ons wetenskaps- en kunsbeoefening en dit energiek in Afrikaans kan uitleef.
4. Die snel veranderende digitale wêreld waarin inligtingstegnologie 'n kardinale rol speel in die produksie en verspreiding van kennis gaan toenemend die Akademie se aktiwiteite en invloedsfeer in 'n multidimensionele wyse uitbrei. Dit gaan ons in staat stel om ons wisselwerking met ander akademies en taalverwante liggame betekenisvol uit te brei en die dinamiese plek en rol van ons taal in Suid-Afrika te bevestig op die 'markplein van idees'.

## Jy sê 'n taal bestaan ter wille van mense. Hoe gaan jy dié benadering by die SAAWK toepas?

Afrikaans, en trouens énige taal is, om weer eens prof. Jaap Steyn se lieflike frase te gebruik, 'n tuiste vir haar sprekers. Taal is 'n draer van identiteit en hou daarom diepe simboliese gevoelswaarde in. Maar taal is by uitstek ook 'n unieke instrument wat menslike lewe moontlik maak. My siening is daarom dat 'n taal eerstens in diens van haar sprekers staan waarmee hulle 'n sinvolle bestaan as mense kan voer. Afrikaans het juis ontstaan omdat 'n verskeidenheid mense aan die suidelikste punt van Afrika bymekaar gebring is en met mekaar moes kommunikeer. Onse taal is in Afrika ontvang en gebore, 'n Afrika-taal wat deur Afrika-anse mense, Afrika-anses en Afrika-ners benut word om hulle lewens hier as Suid-Afrikaners uit te leef. Ons aktiwiteite behoort m.i. deur hierdie beginsel van 'taal ter wille van mense' gerig te word.


## Waarna sien jy uit?

Om in en met ons soetste taal en haar sprekers te werk.



Prof. Beukes beskik oor 'n doktorsgraad in Toegepaste Linguistiek en sy het vir nege jaar op die Wêreldraad van Vertalers (Fédération Internationale des Traducteurs) gedien, waarvan drie as vise-president. Sy het ook 'n sleutelrol gespeel tydens die ontwikkeling van 'n taalbeleid en -plan vir Suid-Afrika gedurende die eerste demokratiese dekade. Sy was vir agt jaar voorsitter van die Universiteit van Johannesburg se departement linguistiek. Haar loopbaan sluit leierskapsrolle in strategiese projekte van die Departement Kuns en Kultuur, die Nasionale Tesourie en die Raad op Hoër Onderwys in. Sy was ook vir drie jaar voorsitter van die Afrikaanse Taalraad. Sy dien tans op die advieskomitee van die minister van kuns en kultuur se mensliketaaltegnologie-projekte. Prof. Beukes is 'n gegradeerde navorser van die Nasionale Navorsingstigting en 40 nagraadse studente het hulle studies onder haar studiebegeleiding voltooi. f

**Seugnet van Zyl**




*Die vader van die Afrikaanse rolprent, Pierre de Wet*

# Rolprentgeskiedenis: Daar doer in die verlede

## ( 1950 – 1959 )

In die 1950's het die verskeidenheid Afrikaanse rolprente wat vervaardig is, geweldig gegroei. Dit het onder meer komedies, musiekrolprente, asook die verfilming van romans, dramas en spanningsverhale ingesluit. Ongeveer 28 Afrikaans flieks is gedurende hierdie tydperk gemaak, waarvan musiekrolprente en komedies ongetwyfeld die meeste aandag geniet het.

Pierre de Wet, wat teen hierdie tyd al 'n gevestigde rolprentmaker in Suid-Afrika was, was die voorloper van musiekrolprente wat in die jare vyftig vervaardig is. Dit sluit onder meer in *Hier's ons weer* (1950), *Altyd in my drome* (1952), *'n Plan is 'n boerdery* (1954) en *Nooi van my hart* (1958). Musiek in rolprente is dikwels gebruik om komiese tonele met mekaar te verbind. Dit was veral musikante soos Hendrik Susan en sy orkes en Jan Pohl wat gereeld musiek verskaf het.

Die grapmakers, Al Debbo en Frederik Burgers, wat deur Leon van Nierop as die "Laurel & Hardy" van Suid-Afrikaanse rolprente bestempel word, se lawwighede, foptonele en kenmerkende karaktertrekke soos Debbo se pieringoë en Burgers se hoë stemtoon, het gehore menig-maal laat skater van die lag. Hulle was saam bekend vir rolprente soos *Alles sal regkom* (1951), *Dis lekker om te lewe* (1957) en *Fratse in die Vloot* (1958).

Dit was ook in dié tydperk waarin Jamie Uys sy debuut as onafhanklike rolprentvervaardiger gemaak het. Uys het gedurende sy loopbaan ongeveer 24 rolprente gemaak. Hy het eers saam met African Film Productions gewerk, voordat hy sy eie maatskappy, Jamie Uys Filmproduksies, in 1964 op die been gebring het. Na twee jaar het hy die maatskappy verlaat en begin om rolprente vir Mimosa Films te vervaardig. In 1951 het Uys sy merk in die rolprentgeskiedenis gemaak met *Daar doer in die bosveld*, omdat dit beskou word as die eerste Suid-Afrikaanse vollengte fliek wat in kleur vervaardig is. Leon van Nierop vertel in sy boek *Daar doer in die fliek* dat Uys wel dié fliek 'n tweede keer moes verfilm, omdat die eerste weergawe se beeldmateriaal in pers uitgekom het!

Uys het dikwels sy rolprente eiehandig vervaardig. Met *Daar doer in die bosveld* (1951) was hy, buiten vir die vervaardiging, ook verantwoordelik vir die draaiboek, kamerawerk, regie, én hy het die hoofrol vertolk. *Fifty/Vyftig* (1953) is op dieselfde wyse geskep, toe Uys die produksiebestuur, regie, draaiboek en redigering behartig het.

Gehore wat Afrikaanse rolprente ondersteun het, was groot en redelik stabiel solank as wat dit ligte vermaak verskaf het, of "ontvlugtingsvermaak" soos wat Martin Botha, 'n professor in filmstudie aan die Universiteit van Kaapstad, dit ook beskryf. Mits rolprente aan hierdie vereistes voldoen het, was vervaardigers van 'n suksesvolle loketinkomste en ruim staatsubsidie verseker.

In 1956 is 'n gereguleerde subsidiestelsel ingestel. Hiermee het die nasionale regering en medewerkers 'n poging aangewend om die plaaslike rolprentvervaardiging te manipuleer en rolprente te belyn met die regering se behoefte aan rasse- en taalsuiwerheid. Dit het 'n groot verdeeldheid in die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf tot gevolg gehad, wat vandag nog in die bedryf sigbaar is.

**Christa Steyn**




*Die span spelers en tegnici saam met Pierre de Wet (in die middle), die regisseur van Hier's ons weer (1950). Al Debbo kniel langs Pierre de Wet en Frederik Burgers is regs.*

Foto's uit die boek: *Daar doer in die fliek* Leon van Nierop.

# Boekeresensie

Resensie: ***Bloedlelie***
Outeur: **Jeanette Ferreira**
Uitgewer: **Lapa**




*Bloedlelie* sny die slagaar van Piet Retief se laaste sending in die laat 1830's oop, sodat die geskiedenis op die bladsye uitbloei.

*Bloedlelie* sny die slagaar van Piet Retief se laaste sending in die laat 1830's oop, sodat die geskiedenis op die bladsye uitbloei. Die noodlottige gebeure word veral uit die oogpunt van die verwonde Magdalena Retief, vrou van die Voortrekkerleier, beskryf, met ander historiese figure wat tot die geloofwaardigheid van dié nagevorsde boek bydra.

Ná 'n kort inleiding met die historiese feite, neem Ferreira die leser op reis saam met Adriaan en Hanna van der Walt, wat die trekkers se spore honderd en tagtig jaar later volg. Adriaan is 'n historikus cum argeoloog en dien as spesialisgetuie in grondeissake. Sy vrou Hanna het 'n besondere belangstelling in Magdalena ontwikkel, juis omdat daar so min oor haar bekend is.

So loop Hanna in Magdalena se skoene die verlede in. Ons lees van haar eerste, verstandige huwelik met Jan Greijling en haar tweede, passievolle een met Retief, die kinders wat uit albei huwelike gebore is en die plekke en omstandighede waarin hulle moes lewe, liefhê en ly. Sy stel haar Magdalena se onsekerheid en pyn voor, maar ook haar krag, waardigheid en deursettingsvermoë, tot aan die einde.

Magdalena moes albei haar eggenote skielik en tragies aan die dood afstaan. Boonop het die griepepidemie die trekkers kort ná Piet se moord getref. Magdalena se skoonseun en kleinkinders het aan die griep beswyk en haar in sak en as gelaat. In haar eensaamheid murmureer Magdalena dat die liefde en verlies saam met die rook van nuwe vure en die as van die agtergelatenes verwaai. "Verlatenheid ruk jou keel uit, dit laat jou longe bloei, dit verwaai jou binnegoed, dit verdroog die reste en bleik jou beendere tot grond en klip."

Ferreira gee te kenne dat die bekendste Voortrekkerbronne besonder terughoudend oor Dingaan se grootgeneraal Tambuza is – die aanstigter tot Retief en die res van die kommissie se dood. Op dié omstrede kwessie is Adriaan se woorde elders in die boek van toepassing, wanneer hy vir Hanna sê dat geskiedenis 'n lewende ding is, met te veel invloede wat bykom en ook verdwyn wanneer ons terugkyk. "Dit kan nie herhaal word nie. Dit kan net tot op 'n punt gerekonstrueer word, nooit weer presies soos dit was nie." Tog belig hy later die geluk dat, deur so ietsie van die geskiedenis te verstaan, ons vandag kan keer vir die foute van gister en die verre gisters.

Die bloedlelie-blom maak telkens in die boek sy mooi verskyning – in die tyd van die Retiefs en weer in Hanna en Adriaan se hedendaagse tuin. Hanna beskryf die seldsame lelie, met die son se strale daarop, as loffelik genoeg om trane in jou oë te bring. "Dit bloei soos 'n mens wat liefhet of ly. Ragfyn rooi draadjies in maroen kelkblare, bloedvlekkies op die vet steel." Dié beskrywing bring begrip vir die blom as metafoor vir Magdalena Retief.

*Bloedlelie* vertel die verhaal van Piet en veral Magdalena Retief se beproewinge, deur vandag se oë beskou. Dit lei die dikwels verslae en ontnugterde leser oor berge en deur dale – fisies en psigies – en sit jou dan versigtig neer op die gelykte van die wete dat "almal maar moet betaal vir daardie soort begryp wat altyd te laat kom. Vir die stories, jy weet, Magdalena, wat iedereen anders vertel." **f**

**Petronel Fourie**




# 2 Twee vriende,
## wat saam musiek maak, stel nuwe CD's saam bekend

Deur Daantjie Dinamiet

## **Someraarde** - Joshua na die Reën

Sedert sy toetrede tot die Afrikaanse musiekbedryf het Joshua na die Reën nie net een van ons land se voorste sangers en liedjieskrywers geword nie, maar ook nuwe talent soos Lizandra Winter en Liani Reynolds ontwikkel.

Sy derde album, *Someraarde*, is pas vrygestel, en hiermee hoop hy om voort te bou op die sukses van sy vorige twee albums. Dit gebeur nie gereeld dat 'n lang weergawe en 'n radioweergawe van dieselfde liedjie op een album verskyn nie, maar dit is presies wat hy met "Soos in nou" gedoen het. Die lang weergawe is byna ses minute lank, wat eintlik nie baie lank is nie; 'n liedjie soos "Bohemian Rhapsody" van Queen is ses minute lank en tog word dit gereeld oor die radio gespeel. Hoe ook al, dit is 'n uitstekende snit. Die radioweergawe is die eerste enkelsnit vanaf die album. "Sterrenet" is 'n lekker snit wat hy, soos met feitlik alles op die album, self geskryf het. Die titelsnit word aan sy broer Pierre opgedra. Nathan Smith se kitaarwerk op hierdie snit is uitstekend. "Onbekende reis" is een van die hoogtepunte vanaf die album, met 'n gestroopte musikale verwerking wat wyd byval sal vind. Hopelik sal dit 'n enkelsnit word. "Wandel" is vir Danél, Joshua na die Reën se vrou geskryf. "Vlieërs" is 'n duet tussen Joshua Na Die Reën en Liani Reynolds; hulle het dit saam geskryf. Dit is 'n hoogtepunt vanaf die album en behoort 'n groot treffer te word.

"Soos die wind" is nog 'n snit met trefferpotensiaal, terwyl "Sweef" beskou kan word as 'n tussenspel, aangesien dit net 'n minuut lank is. Daarteenoor is "Branders" een van die langer snitte op die album, en 'n besliste hoogtepunt. "Chamonix" is, soos die res van die album, Joshua Na Die Reën se eie komposisie, maar daar is geen verdere inligting nie. "Suiderkruis" is tot eer van die Here geskryf; dit is 'n pragtige snit. Die radioweergawe van "Soos in nou" is die tweede laaste snit op die album; dit is reeds besig om 'n treffer te word. Die laaste snit, "2017", is vir sy pa geskryf.




Soos met sy vorige vrystellings het Joshua na die Reën vorendag gekom met 'n album van hoogstaande gehalte wat die toets van die tyd baie goed sal deurstaan. f

**KLIK HIER om Someraarde te koop**

## **Ligsoom** - Liani Reynolds

Soms gebeur dit dat 'n gevestigde kunstenaar 'n jonger een onder sy of haar vlerk neem en daardie kunstenaar die geleentheid gee om self 'n indruk op die musiekbedryf te maak.

Joshua Na Die Reën het, sedert sy eerste album omtrent drie jaar gelede vrygestel is, een van ons land se voorste sangers en liedjieskrywers geword, en nou het hy, net soos met Lizandra Winter, nog 'n nuwe kunstenaar die kans gegee om tot die musiekbedryf toe te tree. Hy sing nie net saam met haar op die album nie; hy speel ook klavier en hy het die vervaardiging en produksie behartig.

Liani Reynolds se debuutalbum, *Ligsoom*, is pas uitgereik, en jy kom van die begin af agter dat dit nie sommer net nog 'n kommersiële album is nie. Liani het byna elke snit op die album self geskryf, en die eerste snit, "Sterredigter", is regtig iets besonders. "Mossie", die eerste enkelsnit vanaf die album, het 'n besondere verhaal. Liani het grootgeword saam met 'n gestremde kind, die jongste van haar ouma se vier kinders. Haar ouma het haar self versorg, en Liani het die liedjie geskryf nadat Mossie oorlede is. Liani se ouma is twee dae nadat sy die liedjie geskryf het, self ook oorlede. Die liedjie vertel 'n verhaal van selfopofferende naasteliefde. "Swaeltjie" vertel die verhaal van iemand wat net wil hê dat 'n geliefde moet terugkom. "Skuiling" is 'n liedjie wat sy vir haar pa geskryf het. "Pelgrimsgebed" is 'n komposisie van Amanda Strydom, wat dit ook gewild gemaak het. Dit is goed dat Amanda haar beïnvloed het. "Ruimte" is nog 'n besondere oorspronklike komposisie wat sy, volgens die albumomslag, aan Pa Percy opdra. Liani het "Gewoond" saam met Jaco van der Merwe van die groep Bittereinder geskryf; hy sing dit saam met haar. Hierdie liedjie gaan een van die treffersnitte vanaf die album word. Op "So baie dinge" sing sy van die klein dingetjies in die lewe wat besonders is. Liani het "Vlieërs" saam met Joshua Na Die Reën geskryf en hulle sing dit saam. Dit is ook op sy jongste album ingesluit. "Herontmoeting" is geskryf ter nagedagtenis aan die skrywer en digter Tom Gouws wat verlede jaar doodgeskiet is. Die laaste snit op die album, "Groen", is ook haar eie komposisie, en sy dra dit aan Kalla, die man in haar lewe, op.

Daar is geen twyfel dat Liani met een van die beste albums tot dusver vanjaar vorendag gekom het nie. Elke snit vertel 'n storie en sy steur haar nie aan kommersiële foefies en modegiere nie. Vir dié wat op soek is na musiek met iets om die lyf, en wat die toets van die tyd sal deurstaan, kan hierdie album nie sterk genoeg aanbeveel word nie. f




**KLIK HIER en luister**




Die nuwe Afrikaanse groep Musiek soos grond is nie net nog 'n Afrikaanse popgroep op soek na sensasie nie, maar eerder 'n alternatiewe groep wat musiek wil maak met betekenis. Die groep wat bestaan uit Joshua na die Reën, Anique Jordaan en Jouba Jordaan van Kaleidoskoop, Len Muller, Lizandra Winter, Leon Gropp en Liani Reynolds vertel hul stories deur hul musiek. Die musiek val sag op jou ore en die lirieke klink soos digkuns wat voorgelees word. Dit roer aan jou hartsnare en laat jou vergeet van die stres van môre.

Die groep se optrede wat op 4 Mei by The Big Red Bar in, Irene, Centurion, plaasgevind het, was een om te onthou. Omring deur hoë bloekombome, die reuk van koffie en die hemelruim wat opgehelder word deur die sterre, het die perfekte atmosfeer gevorm. Honderde gesinne en vriende het hul kampstoele opgeslaan, komberse oopgegooi en paartjies kon snoesig teen mekaar sit om van die winterbriesie te vergeet. Die optrede van die aand was briljant. Die groep het die verhale agter hul liedjies met die gehoor gedeel, wat dit meer persoonlik gemaak het.

Behalwe vir die kunstenaars se eie instrumente wat kitare, 'n klavier en ukulele insluit, was daar 'n strykorkes wat die musiek net ekstra spesiaal laat voel het. Musiek soos grond moet dopgehou word, want hulle gaan nog groot hoogtes bereik.


Hul eerste enkelsnit "Lugballon" is op 1 April vanjaar vrygestel en is beskikbaar op aanlynplatforms. Gaan kyk ook gerus die musiekvideo op YouTube. Vir meer inligting oor Musiek soos grond, gaan volg hulle op Facebook en Instagram. f

**Bianca Stevens**

**KLIK EN KYK HIER**

Jeanne-Marie Versluis

# Port- en roomtert



**Wat jy nodig het:**

½ koppie portwyn
3 pakkies Tennis-beskuitjies
500 ml room
1 blikkie karamel (Treat)
250 gram roomkaas
Kersies en/of sjokoladekrulle vir afronding
'n Vierkantige opdienbord

**Hoe om te maak:**

Giet die port in 'n dieperige bord, byvoorbeeld 'n sopbord.
Klits die room en roomkaas tot 'n dik, gladde mengsel.
Smeer 'n lagie karamel op nege van die beskuitjies.
Doop elke beskuitjie, met die ongesmeerde kant na onder, vir twee sekondes in die port.
Pak die nege beskuitjies in 'n vierkant.
Skep 5 opgehoopte eetlepels van die roommengsel op die laag beskuitjies.
Herhaal dié metode met nog vier lae beskuitjies en room.
Rond die tert af met kersies en/of sjokolade wat teen kamertemperatuur op die tert gerasper word.
Plaas die tert in 'n lugdigte houer en hou oornag in die yskas voor dit voorgesit word.

## Hoogtepunte op jou kultuur-kalender

**17 Mei**
Wonderboom
@tarentaal teater

**17 Mei**
Optog! Stories: Elvis Blue
@atterbury teater

**19 Mei**
Frank Opperman: Donkie
@atterbury teater

**22 Mei**
Ivan Roux
@die blou hond

**23 Mei**
Jak de Priester – Op 'n ander planeet
@die blou hond

**23 Mei**
Jan Blohm
@atterbury teater

**24 Mei**
Brandewyn & Melktert met Jannie Moolman en Blackie Swart
@tarentaal teater

**25 Mei**
Susan Coetzer – Borrel & Bruis Damesoggend
@die blou hond

**27 Mei**
Nataniël Herfskombuis
@atterbury teater

**5 Junie**
Dozi
@die blou hond

**6 Junie**
Rocco de Villiers
@die blou hond

KLIK HIER om die volledige kultuurkalender te sien